higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

7 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Nasienriglyne vir die begripstoets:

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen woord in 'n ander taal word as antwoord aanvaar nie. Indien die woord(e) egter toegedruk word en dit beïnvloed nie die betekenis nie, word die antwoord as korrek aanvaar.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog die verlangde inligting verskaf, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Spesifieke opdragte soos bv. **EEN WOORD/OPEENVOLGENDE WOORDE/ 'n SINSDEEL/EEN SIN** moet uitgevoer word. Die kandidaat mag een woord in 'n sin aanbied:
  Die een woord is …
  Die woord wat dit vir ons sê, is …
- Geen penalisering indien die antwoord 'n direkte aanhaling is nie.
- By Ja-/Nee-vrae (of Waar/Onwaar):
  Eerste deel korrek en motivering verkeerd/ontbreek (1)
  Eerste deel verkeerd en motivering verkeerd (0)
  Eerste deel ontbreek en motivering korrek (0)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Al is dr. Samuels 'n skoolverlater, het sy drome waar geword. (Of soortgelyk)	(1)
	1.1.2	D/droom	(1)
1.2	1.2.1	filosofie	(1)
	1.2.2	Al het hy skool in graad 11 verlaat,✓ het hy nou gegradueer.✓ (Of soortgelyk)	(2)
1.3		• Hy het winkeltrollies gestoot. • Hy was 'n taxi-wag. • Hy was 'n busoperateur. (Enige TWEE)	(2)
1.4		'n Mens is dom as jy nie matriek klaar maak nie, maar dr. Samuels is slim. (Of soortgelyk)	(1)
1.5	1.5.1	Dit is hoe mense van hom praat / wys respek	(1)
	1.5.2	17 jaar oud	(1)
	1.5.3	Sy lewe het in duie gestort/dit was vir Jerome traumaties.✓ Hy was depressief daarna/Hy het gesien hoe maklik mense doodgaan/Hy het aan die sin van die lewe getwyfel/moedeloos gevoel.✓	(2)

1.6	1.6.1	Figuurlik	(1)
	1.6.2	Hy het 'n student geword./Hy het begin studeer. (Of soortgelyk)	(1)
1.7	1.7.1	Waar✓ − 'is vandag die adjunkdirekteur en areakoördineerder van ontwikkeling en sorg'/'Hý is die man wat personeel soos die verpleegsters, sielkundiges, maatskaplike werkers, opvoeders, dieetkundiges, aptekers en die kapelaan bestuur.'✓	
	1.7.2	Onwaar − 'gewerk om kos op die tafel te sit. '/' Dit is deur sy werk by die gevangenis dat hy toe weer in 2017 sy lyf student begin hou het.' (2 × 2)	(4)
1.8	1.8.1	'residivisme'	(1)
	1.8.2	Die pleeg van 'n misdaad nadat jy jou vonnis uitgedien het. (Of soortgelyk)	(1)
1.9	1.9.1	Hy kan help/gee leiding dat misdadigers nie weer 'n misdaad pleeg nie./Hy kan 'n oplossing kry vir die probleem van 'residivisme'. (Of soortgelyk)	(1)
	1.9.2	• Groepsdruk • Werkloosheid • Die feit dat hulle 'n misdaadrekord het/nie kan werk kry nie. (Enige TWEE)	(2)
1.10	1.10.1	Feit	
	1.10.2	Die stelling is na aanleiding van statistiek/navorsing gemaak. (2 × 1)	(2)
1.11		Dit is 'n traumatiese ervaring wanneer jou vriend in jou arms doodgaan en Jerome ly aan skok / sy lewe het in duie gestort	(1)
12.1	1.12.1	'studeergogga'✓	(1)
	1.12.2	Metafoor✓ **OF** 'die genade soos 'n goue draad deur sy lewe sien loop.'✓ Vergelyking✓	(1)
1.13		'Jerome is aanvaar met 'n graad 10-sertifikaat, maar hy moes sy matriek voltooi om 'n permanente betrekking te kry.'	(1)
1.14		teologie	(1)

1.15 1.15.1 Die studeergogga het Jeremy gebyt toe hy sy matrieksertifikaat behaal het. (Of soortgelyk)

1.15.2 Studies bemagtig jou./Maak bevordering moontlik/
Dit help jou om 'n permanente aanstelling te kry (Of soortgelyk)

1.15.3 (Sy) godsdiens/geloof/God

1.15.4 begenadig/dankbaar/passievol

(4 × 1) (4)

1.16 Om met kriminele te werk/om kriminele by te staan na vonnisoplegging (1)
(Of soortgelyk)

[35]

VRAAG 2

2.1 Jack het gekla oor 'n swak aanlyn (aflewerings)diens. (1)

2.2 Grypdit Afleweringsdiens. (1)

2.3 Ja✓ − Sy pakkie was beskadig en die maatskappy het niks gedoen nie✓

OF

Nee − Wanneer jy 'n aanlyn afleweringsdiens gebruik weet jy dat daar die kans is dat jou produk beskadig kan wees. (Enige EEN of soortgelyk) (2)

2.4 Die rede vir die klagte word eerste in hoofletters (en vetdruk) geskryf. (1)

2.5
- Die verpakking was beskadig.
- Die skerm was gebreek.
- Daar was nie 'n laaier ingesluit nie.
- Daar was nie 'n tabletomhulsel ingesluit nie. (Enige DRIE) (3)

2.6
- Ek sou onmiddellik vir die kliënt 'n nuwe tablet gestuur het.
- Ek sou ook die kliënt se klagte geïgnoreer het, aangesien ek niks daaraan kan doen nie. (Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.7 Waar✓ − Daarna het ek hulle weer gekontak en nou, drie maande later het ek steeds geen antwoord van hulle ontvang nie.✓ (2)

2.8
- Sosialemediagebruik.
- Kon die direkteur telefonies kontak.
- Kon 'n e-pos gestuur het. (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

2.9 Ek is radeloos en weet nie hoe om die saak verder te hanteer nie. (1)

Kopiereg voorbehou

2.10 Beste wense/Groete
Jack (1)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

Maksimum van 70 woorde

SEWE FEITE OOR LEIERSKAP

Jy kan leierskap aanleer / 'n Leier **beïnvloed mense** in 'n organisasie of 'n span om een doel te bereik. 'n Demokratiese leier **verteenwoordig die mense**. 'n Outokratiese leier **wil in beheer** wees en eiewillig optree. Die beste leiers het **eienskappe soos byvoorbeeld integriteit** wat hulle laat uitstaan. Alle mense kan **leierseienskappe ontwikkel / aanleer.** Leiers moet **goed kan kommunikeer**. Identifiseer jou **sterk- en swakpunte** sodat jy weet waaraan jy moet werk/**aanvaar hulp**

66 Woorde (20)

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN
Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming **te lank** is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer.**
- Indien die opsomming **te kort** is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Kopiereg voorbehou

DUI DIE PUNTE SÓ AAN:

Feite (14) + Taal (4) + Formaat (1) + Aantal woorde (1) = 20
Punte word afgetrek vir die volgende:
Aanhaling (-0/1/2)
= TOTAAL

STAP 1: FEITE (7x2)
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- ('n Volsin het 'n werkwoord).

STAP 2: FEITE MET TAALFOUTE (4)
ELKE taalfout (grammatika, spelling en punktuasie) in elke feit word aangedui, ook verkeerde feite, daarna getel en soos volg bereken:

0 - 4 foute:	geen penalisering nie
5 - foute:	trek 1 punte van die kandidaat se totaal af
9 -12 foute:	trek 2 punte van die kandidaat se totaal af
13 - 15 foute:	trek 3 punte van die kandidaat se totaal af
16 foute of meer:	trek 4 punte van die kandidaat se totaal af

TIPIESE TAALFOUTE
- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. ondw. + ww. + voorw.)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoorde 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Tyd, wyse, plek
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Dubbele negatief
- Voornaamwoorde
- Lydende vorm
- Infinitief

STAP 3: FORMAAT 1 punt (of - 1 indien foutief)
Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:
- Volsinne
- Puntsgewys.
- Penaliseer met 1 punt indien die opsomming nie in paragraafvorm aangebied is nie.

STAP 4: GETAL WOORDE 1 punt (of -1 indien nie aangedui nie)
- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, penaliseer **met een punt** aan die einde.

STAP 5: AANHALINGS (- 0/1/2)
- Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

1–3 volledige sinne aangehaal:	geen penalisering nie
4–5 volledige sinne aangehaal:	trek 2 punt af van kandidaat se totaal
6–7 volledige sinne aangehaal:	trek 4 punte af van kandidaat se totaal

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 4

4.1 LETTERLIK✓
Hulle huis is nie geverf nie/Hulle huis lyk verwaarloos.✓ (Of soortgelyk) (2)

4.2 Daar is bewys dat ape al vir 700 jaar gereedskap gebruik, terwyl haar man net lê en slaap en niks doen om hulle huis te laat beter lyk nie. (Of soortgelyk) (1)

4.3 Ek sou hom gelos het/ Ek sou nie vir hom kos gegee het nie/Ek sou dit maar aanvaar het.✓ (Of soortgelyk) (1)

4.4 (Enige treffende slagspreuk, nie langer as 6 woorde nie. Korrek en sinvol vir een punt)
Byvoorbeeld: Harde werk word altyd beloon (1)

4.5 OPINIE✓ − Ape is diere en ons weet nie of hulle trots is nie.✓
(Rede kan enige soorgelyke antwoord binne die konteks wees.) (2)
[7]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Ja, sy Afrikaanspunte word al hoe swakker/daar is 'n uitroepteken aan die einde van die sin.✓
(Volledig vir 1 punt) (Of soortgelyk)

5.1.2 Hy sê dat 'n mens nie meer Willempie se handskrif kan lees nie.

5.1.3 Nee, Neelsie moet self leer en nie by Willempie afkyk nie.✓
(Volledig vir 1 punt) (Of soortgelyk)
(3 × 1) (3)

5.2 Meneer.✓ Hy wil hê dat Neelsie beter moet doen.✓
OF
Neelsie. Hy is baie snaaks en terg die meneer baie. (Enige EEN of soortgelyk) (2)

5.3 Jammer Meneer, maar dis eintlik Willempie se skuld. (Of soortgelyk) (1)

5.4
- Hy hou die papier met 'n vuis vas.
- Hy frons/lyk kwaai en ongeduldig
- Sy oë is groot (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

[8]

VRAAG 6

6.1
- Mense wat hou van yoghurt./
- Mense wat bekommerd is oor die wêreld se toekoms van volhoubaarheid.

(Of soortgelyk) (1)

6.2 'herwinbare' (1)

6.3 6.3.1 Ja✓ − Dit trek aandag /Dit sinspeel op al ons kragonderbrekings/Dit wys dat jy die energie kan kry om die wêreld te help red.✓

OF

Nee − Dit het niks te doen met 'n volhoubare toekoms nie.

(Of soortgelyk) (2)

6.3.2 Kry krag. (Of soortgelyk) (1)

6.4 6.4.1
- Om te verseker dat daar nog hulpbronne in die toekoms gaan wees.✓
- Om meer omgewingsvriendelik te wees.
- Om maniere te vind om die negatiewe menslike impak te verminder.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.4.2 Om dit te beklemtoon. (1)

6.4.3 (Ja,) sodat die aarde bewaar kan word.✓

OF

(Nee,) ek wil lekker dinge doen al het dit 'n slegte invloed op die omgewing.

(Volledig vir 1 punt) (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.5
- Die skrif / lettertipe
- Opskrif
- Skets van die Power Cup/kitaar/tong en mond

(Enige TWEE) (2)

6.6
- Hulle probeer help om 'n volhoubare toekoms te skep.
- Hulle gebruik herwinbare produkte. (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.7 'pret' (1)

6.8 '100% smaaklik'✓ (1)

6.9 Dit beklemtoon dat jy yoghurt/power cup eet.
Dit wys dat die produk lekker is. (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.10 Die moontlikheid om die QR-kode te skandeer/maak so kontak met die produsent. (Of soortgelyk) (1)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1	tannie/tante		(1)
7.2	Die aksentteken beklemtoon dat dit spesifiek na Georgina verwys.	(Of soortgelyk)	(1)
7.3	lewenstaak	(Of soortgelyk)	(1)
7.4	jong		(1)
7.5	mooi/pragtige/aansienlike	(Of soortgelyk)	(1)
7.6	admireer		(1)
7.7	oorlede		(1)
7.8	sestig		(1)
7.9	dorpie		(1)
7.10	styl		(1)
7.11	Sy het geweet✓ sy wou✓ ook eendag hard werk (gewerk het) om haar gesin te voed.		(2)
7.12	Sy sal✓ dit met grasie doen.✓		(2)
7.13	figuurlik		(1)
7.14	Huidiglik/tans/deesdae		(1)
7.15	Sy maak vir almal hoede wat op soek is na iets anders, daarom staan✓ sy✓ bekend as Atlantis se 'hoed-antie'.		(2)
7.16	om✓ haar eie boetiek oop te✓ maak.		(2)
7.17	Sy sê dat✓ vrouens te alle tye goed moet✓ lyk.		(2)
7.18	Entrepreneursvaardighede is al kleintyd deur✓ Georginia getoon.✓		(2)
7.19	('n) vergelyking		(1)
7.20	liefste		(1)
7.21	dinge/goed		(1)

7.22	Ek het geweet my ouers kon dit nie bekostig nie.	(Of soortgelyk)	(1)
7.23	spierwit		(1)
7.24	boaan		(1)
7.25	entrepreneur**s**pad		(1)
7.26	vaardighede		(1)
7.27	vroue/vrouens/dames		(1)
7.28	die		(1)
7.29	Ek is nie 'n ontwerper nie.		(1)
7.30	Buitendien/juis nou		(1)
7.31	Is✓ hierdie hoedemakery haar roeping?✓		(2)
7.32	Georgina werk✓ in Atlantis vanuit ✓ haar tweeslaapkamerhuis.		(2)
			[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Positief
Kinders word rekenaarvaardig / kan vriende kontak / hou my ingelig
OF
Negatief.
Kinders moenie so baie tyd voor die rekenaar/TV bestee nie.
(Of soortgelyk) (2)

8.1.2
- Kuberboeliery
- Webtuistes wat nie geskik en ouderdomstoepaslik is nie
- Te veel skermtyd (3 x 1) (3)

8.2
- Pers
- Drukkerswese
- Radiostaties
- TV
- Film
- Internet
- Sosiale media (WhatsApp, Facebook, Youtube, Instagram, Twitter, LinkedIn, Pinterest, Tinder, Wechat, Snapchat, Tiktok)

(Enige VIER of soortgelyk) (4)

8.3 Eie antwoord. Moet ooreenstemmende rede gee vir 1 punt. (1)

8.4 8.4.1 Ja − Ons praat nooit meer met mense nie en ons het nie meer sosiale vaardighede nie.
OF
Nee − Die wêreld is nou 'n beter plek omdat alles op sodiale media gedeel word. (Enige EEN of soortgelyk) (2)

8.4.2
- Altyd op ons selfone.
- Maak geen oogkontak
- Doen ons werk aanlyn.
- Heeltyd besig om deur sosiale media met ons vriende te kommunikeer. (Enige TWEE of soortgelyk)

(2)

8.4.3 Eie antwoord. Moet 'n verduideliking gee.
Bv.: verkry toepaslike inligting, kry kliënte, netwerk met ander besighede (1)

8.5 8.5.1 E - word gebruik om die jongste nuusgebeure elektronies te deel

8.5.2 D - bereik 'n groot verskeidenheid mense deur kommunikasie.

8.5.3 B - geheime kode om jou identiteit te beskerm.

8.5.4 A - toegang tot die internet aan die publiek

8.5.5 C – soekenjin op die internet wat jou na webwerwe lei

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 C - het ten doel om die leser oor te haal om die skrywer se standpunt te glo.

9.1.2 F - behels eensydige beriggewing wat onregverdig is.

9.1.3 B - is ‘n veralgemening op grond van spesifieke eienskappe.

9.1.4 E - dwing lesers om die antwoorde in die teks te soek.

9.1.5 D - gebruik woorde om die leser se gevoelens te beïnvloed.

9.1.6 A -waarborg regverdige beriggewing.

(6 × 1) (6)

9.2
- Dit moet die produk/diens wat dit aanbied, bevorder/begeerte laat ontstaan
- Dit moet die potensiële kliënt oorreed om die produk te kies/koop.
- Die advertensie moet inligting bevat wat kort, bondig, effektief en baie oortuigend is. (Enige TWEE) (2)

9.3.1
- Televisie-advertensies
- Dokumentêre programme
- Rolprente (dramas, komedies, sepies)
- Televisie paneelbesprekings / debatte
- Aktualiteitsprogramme (Enige 3 x 1) (3)

9.3.2
- Kleur
- Dialoog
- Musiek- of agtergrond
- Klankeffekte
- Verskeie kamerskote of –hoeke
- Beligting
- Kamerabeweging
- Voorplasing of agterplasing van visuele beelde (Enige 3 x 1) (3)

9.4.1
- Feite word buite konteks aangehaal
- Subtiele manipulasie van die boodskap om gehoor te oorreed
- Feite word nie akkuraat oorgedra nie, maar verdraai sodat dit oortuigend klink. (Enige EEN of soortgelyk)

(1 x 2) (2)

9.4.2
- Die boodskap word op ‘n grapperige/snaakse manier oorgedra
- Daar word gelag deur die gehoor, ‘n gevoel van gemeensaamheid ontstaan.
- Die gehoor voel só meer positief. (Enige EEN of soortgelyk)

(1 x 2) (2)

9.5 Skilderye, spotprente, plakkate, pamflette, films, radioprogramme, TV-programme, strokiesprente en webwerwe, artikels.

(Enige TWEE) (2)
[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou